No 5 Law Chambers, Harbour Island,
Gordon's Bay 7150
Tel: 021 856 1343 Fax: 021 856 0664
Cell: 082 564 8270 : adv.murphy@telkomsa.net

# Adv. A. J. Murphy

7 May, 2013[1]

**Mnr Jaap Kelder**

**Nasionale Belastingbetalers Vereeniging**

**Re:Olga Rademan v Moqhaka Local Municipality**.("Kroonstad") ("Die Rademan saak")

Beste Jaap,

Ek het die afgelope week die uitspraak van die Grondwet Hof in die Rademan saak redelik deuglik bestudeer en tot die volgende gevolgtrekking gekom:

Die Olga Rademan saak is presies wat die opskrif sê; dit is Olga Rademan se saak teen die Kroonstad Munisipaliteit; dit is niks minder of niks meer nie. Enige ander inwoner in Kroonstad kan more 'n soortgelyke aksie teen die Kroonstad Munisipaliteit instel en met 'n ander benadering 'n ander uitspraak kry.

Soos jy weet was ek destyds skepties oor die kanse op sukses in hierdie saak en het my vrese rondom die uitslag teenoor jou uitgespreek in n kort epos boodskap. Ek dink egter dat ons waardevolle lesse te leer het uit hierdie saak en uitspraak en ons almal moet dankbaar wees vir die werk, moeite, tyd en geld wat aan hierdie saak spandeer is. Ek stem saam met jou waarneming dat julle die veldslag verloor het maar nog glad nie die oorlog nie.

[1] Advocate of the High Court of South Africa
B.UIR. LLB LLM LLD

Olga mag haar saak verloor het, maar die Grondwet Hof het sekere riglyne neergelê wat elke Munisipaliteit in die land koue rillings behoort te gee. 'n Uiters belangrike paragraaf wat ons almal raak in die uitspraak is paragraaf 42 waar die Agbare Grondwet Regter Zondo die volgende opmerking maak:

"*Before dealing with the question of what remedy a resident has in a case where the municipality is demanding payment for services not rendered, it is necessary to point out that in the present matter it was not Ms Rademan's case that the Municipality claimed payment for services that it had not rendered. Indeed, in the present matter it has not been proved that the Municipality was claiming payment for services that had been rendered poorly or inefficiently. However, where a municipality claims payment from a resident or ratepayer for services, it is only entitled to payment for services that it has rendered. By the same token, where a municipality claims from a resident, customer or ratepayer payment for services, the resident, customer or ratepayer is only obliged to pay the municipality for services that have been rendered. There is no obligation on a resident, customer or ratepayer to pay the municipality for a service that has not been rendered*."

Die slotsom van hierdie paragraaf is dat indien 'n belastingbetaler, eienaar of inwoner kan bewys dat sekere dienste nie deur die Munisipaliteit gelewer is nie, of swak of onvoldoende gelewer is; daardie persoon 'n dispuut mag verklaar met die Munisipaliteit en hangende die uitslag van die dispuut sy betaling aan die Munisipaliteit mag weerhou. Die saak sal waarskynlik uiteindelik in die Hof van Hoogste Gesag gevoer word, want ek kan nie sien hoe 'n interne proses van appél, waar 'n Munisipaliteit oor sy eie dienste moet beslis, 'n beswaarmaker enigsins sal gelyk gee nie.

Die belangrike aspek vir elke belastingbetaler, eienaar of inwoner is dat die aanbieding van sy/haar saak uiters volledig en omvattend bewys sal moet word; die geringste swakpunt in sy/haar saak sal deur die Munisipale verdediging spanne uitgebuit word en na my respekvolle mening sal die howe altyd geneig wees om die Munisipaliteite die voordeel van die twyfel te gee. Na my mening gaan hierdie soort sake alleen slaag indien mense in 'n spesifieke dorp gaan saamspan om hulle energie en geld sinergeties te gebruik en seker te maak hulle gebruik dienste van die beste ingenieurs en kundiges om te bewys dat die Munisipaliteit nie sekere dienste gelewer het nie, of steeds lewer nie.

Ons almal weet dat die oorgrote meerderheid van Munisipaliteite nie behoorlik hulle funksies vervul nie omdat hulle in die eerste plek onbevoeg is en veral omdat hulle ontslae

geraak het van kundige blanke en kleurling mense wat geweet het hoe om die dienste te lewer en hoe plaaslike owerhede bestuur moet word. Deur wetenskaplik en andersins te bewys dat hulle nie die dienste behoorlik lewer of enigsins lewer nie gaan die Rade gedwing word om weer kundige mense aan te stel.

Ek kom nie in elke dorp in Suid Afrika nie, maar as wat ek in die media lees waar is, is ongeveer 75% van alle Munisipaliteite tans in gebreke om behoorlike of volledige dienste te lewer. Eienaars in hierdie dorpe en stede behoort onmiddellik almal seker te maak dat hulle betrokke raak in organisasies soos die Nasionale Belastingbetalers vereniging om kollektief en oor ʻn breë front aksies in te stel.

Ek wil dadelik byvoeg dat wanneer ek praat van kollektief, bedoel ek nie dat gesamentlike aksies ingestel word nie of dat ons hier te doen het met ʻn sogenaamde klasaksie nie. Elke dorp het ongelukkig en waarskynlik sy eie by-wette en kredietbeheer stelsels en sy eie feite en omstandighede rondom dienslewering en sal elke dorp se saak gevolglik uniek wees en afsonderlik gehoor moet word.

Wat ek met kollektiewe optrede en aksies bedoel is dat verskillende dorpe waarskynlik saam kan snoer om die dienste van net die beste kundige getuies in te roep om die standaard, kwaliteit en afwesigheid van dienste in elke dorp te bepaal. Dit is nie nodig om die wiel in elke dorp te herontwerp nie; in meeste gevalle gaan feite en vele ander aspekte oorvleuel wat gaan beteken dat groot besparings in regs en ander kostes teweeg gebring gaan word. Dit sal myns insiens ook tot besparing lei dat verskeie naburige dorpe saamspan om een stel prokureurs, advokate en kundige getuies aan te stel wat na hulle sake kan omsien en dat beter koste-ooreenkomste so beding kan word met daardie persone.

Na my mening behoort elke dorp se inwoners, eienaars en ander belanghebbendes wat van mening is dat hulle nie behoorlike dienste ontvang van hulle Munisipaliteit nie, onmiddellik die bal aan die rol te sit om eers ʻn gesamentlike front op die been te bring in elke dorp en dan om die besluit te neem om ʻn voorlopige studie deur ʻn kundige te laat doen om ʻn prima facie saak uit te maak, of die dienste in hulle dorp behoorlik, al dan nie, uitgevoer word. Wanneer daar ʻn voorlopige verslag is wat later heelwat uitgebrei kan word, sal dit myns insiens genoegsame rede wees om ʻn dispuut met die Munisipaliteit te verklaar en sodra die dispuut verklaar is alle betalings ten opsigte van daardie deel van die dienste wat nie gelewer word of slegs gedeeltelik gelewer word, terug te hou en nie aan die Munisipaliteit oor te betaal nie.

Ek is van mening dat indien dienste slegs gedeeltelik gelewer word daar op grond van die kundige getuienis se verslag bepaal moet word watter persentasie of gedeelte van die diens wel gelewer word en dat slegs daardie gedeelte aan die owerheid oorbetaal moet word.

Wat belangrik is om in gedagte te hou is die bepalings van die Grondwet wat betrekking het op Plaaslike bestuur. Ek verwys net kortliks na enkele van hierdie bepalings om die aandag te vestig op watter funksie ‘n Plaaslike Owerheid (“PO”) in terme van die Grondwet behoort te vervul.

In die eerste plek is die oogmerke van die PO in terme van

**Art 152(1)(b)**: “*om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;*

**Art 152(1)(d)** *om veilige en gesonde omgewing te bevorder*;”

Tweedens is daar sekere ontwikkelingspligte van PO’s

**Art 153(a)** bepaal: “*’n Munispaliteit moet sy administrasie en sy begrotings- en beplanningsprosesse so struktureer en bestuur dat voorrang verleen word aan die basiese behoeftes van die gemeenskap, en dat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder word;*”

In die uitvoering van hulle pligte, speel, om maar net ‘n paar wette te noem, ‘n belangrike rol vir elke PO, bv. Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika Wet 108 van 1996; Die Munisipale Stelsels Wet No 32 van 2000; die Wet op Munisipale Finansiele Bestuur No 56 van 2003; Wet op Munisipale Strukture, No 117 van 1998; Wet op Munisipale Eiendomsbelasting No 6 van 2004; Plaaslike By-Wette ens.

In laasgenoemde geval behoort inwoners altyd seker te maak dat by-wette behoorlik gepromulgeer is. In **Kajee v Stanger Borough Town Council 1994(3) SA 9 (A)** het die PO nie daarin geslaag om te bewys dat daar ‘n by-wet was wat die PO geoorloof het om sekere fooie te hef nie. Daar is klem gelê op die prosedures wat gevolg moet word vir die aanneem van by-wette.

Hierdie is belangrike aspekte wat inwoners in elke gebied deuglik moet navors alvorens hulle die PO aanpak en betalings weerhou.

‘n Verdere aspek wat altyd in gedagte gehou moet word is die bepaling van **Art 152(2**) van die Grondwet: “*’n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administatiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesentlik*.”

Laasgenoemde bepaling gaan myns insiens die skuiwergat wees waar deur baie PO’s sal wil ontglip. In die eerste plek gaan hulle beweer dat hulle nie oor genoegsame fondse beskik om die gevraagde dienste te lewer nie en in die tweede plek gaan hulle Apartheid blameer omdat dit kwansuis die oorsaak is waarom hulle administratiewe vermoëns beperk is; u weet die feit dat hulle ongeskoold is.

Wat die omvang en standaard van dienste is, is ook debateerbaar en moet daar na bepalings soos Art 1 van die Plaaslike Owerheid Munisipale Sisteme Wet No 32 van 2000 gekyk word om te bepaal wat met basies Munisipale dienste bedoel word. Die Engelse definisie van die term “*basic municipal services*” word gedefinieer in die Munisipale Stelsels Wet as volg: “*a municipal service that is necessary to ensure an acceptable and reasonable quality of life and that, if not provided, would endanger public health or safety or the environment.*”

Alhoewel hierdie definisie ietwat van ‘n riglyn is sal dit in die geval van elke Munisipaliteit afhang van die bepaalde omstandighede in daardie Munisipaliteit. In **Manqele v Durban TMC 2002 (6) SA 423 (D) i**s o.a die bepalings van die Waterwet No 108 van 1997 bespreek. In Art 2(a) is een van die hoof doelwitte van die Wet: “ the right of access to basic water supply and the right to basic sanitation necessary to secure sufficient water and an environment not harmful to human health or well-being.”

In terme van Art 3 het almal: “*a right of access to basic water supply and basic sanitation*.” Wat presies hierdie terme en standaarde beteken gaan afhang in elke geval van wat die bestaande dienste behels het en die redelike verwagtinge van inwoners in n spesifieke gebied. Altyd met inagneming van die feit dat daar in elke Munisipale gebied spesifiek gekyk moet word na die verskaffing van basiese dienste aan al die inwoners insluitende die armste van die armes.

My persoonlike waarnemings waar ek in Suid Afrika kom is dat die dienste in beide die welgestelde sowel as die arm gebiede so pateties is dat daar in 75% van die gevalle in Munisipale gebiede uiters sterk sake uitgemaak kan word dat die huidige owerhede nie hulle Konstitutionele verpligtinge nakom nie en dat inwoners derhalwe geregtig sal wees om hulle

betalings vir daardie gedeelte van dienste wat nie behoorlik nagekom word nie, mag terughou.

‘n Ander interresante aspek wat in oorweging gebring kan word by die terughouding van betalings is myns insiens te lees in **SAMWU v City of Cape Town 2004 (1) SA 548 (SCA)** waar dit opgemerk word dat daar nêrens in die Wet op Munisipale Stelsels of andersins bepaal word dat die betekenis van ‘munisipale dienste’ beperk moet word tot dienste waarvoor spesifiek betaal word nie. Dit beteken as die PO die dorp in ‘n slordige en verwaardelose toestand laat omdat hulle net daaraan dink om die pap en die bierpotte vol te hou, kan betalings selfs in sulke gevalle teruggehou word.

Wanneer sake teen die PO’s aangepak word moet die rol van die Provinsiale en Nasionale Owerhede en hulle verantwoordelikheid ten opsigte van Plaaslike Bestuur nooit uit die oog verloor word nie.

So, om terug te kom na Olga Rademan se saak, is die balans van die uitspraak in daardie saak nie regtig op die res van ons van toepassing nie, omdat daardie saak grootliks gehandel het met die botsing tussen die bepalings van die Elektrisiteits Regulasie Wet No 4 van 2006 en die Munisipale Stelsels Wet asook die by-wette daarvolgens wat op Kroonstad van toepassing is.

Na my mening kan Olga Rademan en enige ander inwoner van Kroonstad  more teruggaan Hof toe en gaan bewys dat die dienste waarvoor die Munisipaliteit rekeninge hef nie gelewer word nie en dat hulle derhalwe geregtig is om hulle betalings te weerhou. Dit is sulke tye wat ek so dikwels sien dat litigante net te gou tou opgooi; dikwels met rede, want regskostes is astronomies, maar as mense sou saamstaan en hulle finansies en kragte saamsnoer, sou dit myns insiens die idiaal gewees het as Olga Rademan se hande gevat kon word en sy more met haar saak teen die Munisipaliteit kon voortgaan op die basis dat die dienste nie aan haar en ander mense in Kroonstad gelewer word nie.

Olga Rademan se saak teen die Munisipaliteit is myns insiens nie *res iudicata* nie, omdat die Hof dit duidelik gemaak het dat haar saak nie gebasseer was  op die feit dat die dienste nie gelewer was nie, maar slegs op die interpretasie van die Elektrisiteits Regulasie Wet. As Olga se regsspan terug kon gaan hof toe gewapen met die feite dat die dienste nie gelewer word nie; is dit ‘n perd van ‘n ander kleur. Ek hoop iemand oortuig Olga en haar regspan om dit te doen en ek hoop die res van die land se eienaars dra by tot ‘n fonds wat dit vir hulle

moontlik gaan maak om dit te doen. Ekself is bereid om my bydrae finansieel tot so 'n saak te maak, want ek glo dit gaan slaag en ek voeg die daad by die woord en stuur saam met hierdie skrywe vir Jaap Kelder my bydrae; hoekom doen u wat hierdie skrywe lees nie dieselfde nie; ons moet eenvoudig hierdie oorlog wen; daar is geen beter tyd as nou nie!

Ek praat met baie mense regoor die Republiek en die algemene gevoel wat ek kry is 'n wanhopige optimisme dat dinge gaan regkom. Ek glo daar is genoeg goeie mens materiaal in ons land om daarvan 'n reuse sukses te maak. Ongelukkig is rassisme in hierdie land soos n kanker besig om die lewensgehalte en potensiaal van sy mense te vernietig. Ek glo daar is meer rassisme tans in Suid Afrika as op enige ander stadium in sy geskiedenis; juis daarom is dit nodig dat regdenkende mense nou hulle kragte en hulpbronne saamsnoer om op elke moontlike vlak waar ons nog ons invloed en mag kan laat geld, dit op 'n sinvolle en kragtige manier te doen. Die Kroonstad saak en sy volgende episode is een van daardie dinge wat nou gedoen moet word.

Ek het sedert die Rademan uitspraak heelwat opmerkings oor die uitslag en gevolge van die uitspraak uit verskeie oorde gelees; sommige sinvol ander met reg half moedeloos en dan natuurlik die mense soos ene Johann Hammann van Makhado wat in Beeld van 4 Mei 2013 beweer dat Jaap Kelder verkeerd is oor die uitspraak. Met respek, Johann Hammann, EK DINK JY IS DIE EEN WAT DIE POT MIS SIT, die oorlog is nog lank nie verby nie.

Ek kan my verder ook nie met Agri SA se banggat houding na afloop van die Rademan saak vereenselwig nie!

As ek net so stukkie praktiese raad by hierdie regsopinie kon voeg sou dit wees dat dit myns insiens meer sinvol gaan wees om nie net geld in een of ander prokureur se trust rekening in te betaal nie, maar om daardie geld daadwerklik aan te wend om die dienste wat nie behoorlik of volledig verskaf word nie wel aan al die inwoners van 'n bepaalde dorp te verskaf. Gaan maak die pompstasies reg en vervang die ligte wat gebreek is en herstel die pype en die paaie; een of ander tyd sal dit tog wel gedoen moet word en waarskynlik teen baie hoër pryse omdat die onderhoud van dienste nie betyds gedoen word nie.

Myns insiens sal 'n Hof hierdie aspek in oorweging moet neem om juis die saak van die inwoners te versterk dat hulle bereid is om te betaal, maar slegs vir dienste wat wel gelewer word. Stel betroubare ouditeure aan om die fondse te administreer en om 'n soort kredietbeheerstelsel in te stel wat kan rekord hou met inwoners se betalings. Wanneer 'n

saak dan hof toe gaan, openbaar hierdie inligting aan die hof en wys ook hoe elke sent spandeer is.

Groete uit n windstille pragtige Gordonsbaai, waar die Plaaslke Owerheid danksy ‘n sterk burgermeester wat nie korrup is nie, nog heel skaflik is en ons nie veel het om oor te kla nie.

Albert Murphy